# Die soeke na die betekenis van Q: Inleidende opmerkings oor die geskiedenis van Q-navorsing

**Gerhard Nel**[1]

**Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

## In search of the meaning of Q: Introductory remarks on the history of Q research

***According to the two source-theory, large parts of the material in Matthew and Luke which show conformity and which are not found in Mark, point to the existence of a source which comprises sayings of Jesus and reminds one of the typical wisdom material in the Old Testament. In this paper a few introductory remarks are made on the history of the research done in respect of this source, known as Q. The questions regarding the actual existence and origin of Q are briefly discussed in the first part of the paper. Four aspects of Q research are addressed: Q is a document which shows its own integrity; the distinction between tradition and redaction in Q; stratifications and phases in the development of Q; the wisdom character of the material in Q.***

## 1. INLEIDING

Die tweebronnehipotese as oplossing vir die Sinoptiese vraagstuk word vandag algemeen aanvaar. Dit veronderstel 'n bron agter Matteus en Lukas se evangelies, algemeen as Q bekend. In hierdie artikel word net 'n voëlvlug oorsig gegee oor van die belangrikste insigte wat navorsing op Q oor hierdie dokument

[1] Dr Gerhard Nel (MDiv, DD) is as navorsingsassosiaat betrokke by prof dr Andries G van Aarde se navorsingsprojek, "Bybelse Teologie en Hermeneutiek", Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. Die artikel is 'n verwerking van 'n deel van die skrywer se DD-proefskrif, "Die etiese uitsprake van Jesus: Apokalipties-eskatologies of eties-eskatologies begrond" (2002).

opgelewer het. Veral vier momente in die navorsing van Q is belangrik. In die eerste plek die ontdekking dat Q nie ’n vormlose sameflansing van spreuke is nie, maar ’n dokument met ’n eie integriteit; tweedens dat daar sommige materiaal in Q is wat latere tendense weerspieël en gevolglik redaksionele verwerkings van die oorspronklike of tradisionele Q-materiaal is; derdens dat daar aan die hand van “kriteria” tussen verskillende fases van die Q-materiaal onderskei kan word en vierdens die gewaarwording dat die basiese genre van Q wysheidsgerig is. Twee ander vrae kry egter eerste aandag: Het Q inderdaad bestaan? En: Waar kom Q vandaan ?

## 2. HET Q HOEGENAAMD BESTAAN?

Voordat ek ’n oorsig van die Q-navorsing tot op hede gee, is daar eers twee ander tersaaklike vrae: die kwessie of daar ooit van ’n dokument soos Q sprake kan wees en die vraag waar Q vandaan sou kom. Op die eerste vraag sou Eta Linnemann met groot passie ontkennend antwoord soos wat sy doen in ’n artikel wat in 1995 in *Bible Review* verskyn het. Vir Linnemann is die hele teorie van die bestaan van Q niks meer nie as “… a figment of liberal scholars’ imaginations” (Linnemann 1995:19).

Linnemann stel die redes vir haar heftige teenstand teen die Q-hipotese hoofsaaklik statisties aan die orde. Enkele van haar argumente word hier aangehaal. Sy stel byvoorbeeld dat die 65 parallelle gedeeltes in Matteus en Lukas, een helfte (53%) minder as vyftig woorde bevat. Verder het Linnemann gaan kyk en gesien dat 30% van die Q-passasies 50 tot 99 woorde bevat. Psalm 23, wat maklik memoriseerbaar is, bevat 115 woorde, sê Linnemann. Maak die gegewens dit dan nou onmoontlik dat Jesus se dissipels, wat uitgestuur is en vir drie jaar in sy naam geleer het, sy vertellings nie sou kon onthou het en dit oorgelewer het nie? Vir Linnemann is die Q-hipotese geheel en al oorbodig. Ons moet doodgewoon by die vertellings van die evangelies hou. Die Q-hipotese is bloot ’n uitdinksel van mense wat Jesus nie as die Seun van God wil erken nie en wat verder ook sy opstanding ontken, stel Linnemann. Dit is veral omdat sy Patterson (1993:34-41, 61-62 – ook in *Bible Review*) se standpunt dat Q aan die lig bring dat nie alle vroeë Christene die kruisiging en dood van Jesus

as die sentrale punt van hulle teologiese refleksie geneem het nie, en dat die bestudering van Q 'n teologiese diversiteit bring wat gesond is, as ontstellend ervaar het. Linnemann sien in laasgenoemde standpunt 'n sinistêre poging om die geloof in Jesus as Seun van God en die belangrike betekenis van die opstanding, te negeer.

Die lang geskiedenis van die Q-hipotese en die wye aanvaarding van die tweebronnehipotese as oplossing van die Sinoptiese vraagstuk waarvan Q die vernaamste deel uitmaak, dui al daarop dat Linnemann die Q-navorsers se werk weer moet gaan lees. Kom ons kyk na enkele redes. Arland Jacobson (1992:20-21) gee 'n voëlvlug oorsig van die ontwikkeling van Q en meld dat reeds so vroeg as 1863, H J Holtzmann (1839-1910) 'n oortuigende aanbieding van die tweedokument hipotese gegee het en toe reeds gemeld het dat hy Q "hoog aanslaan". Volgens Gerd Theissen (1991:3-5) lewer die Christelike skrywers bewys van die bestaan van 'n mondelinge bron. Theissen dink hier veral aan Lukas 1:1-4 (waar daar deur die skrywer melding gemaak word van mense wat van die begin af ooggetuies was en wat die dinge wat gebeur het, oorgelewer het;), asook aan Johannes 21:25, waar daar genoem word van nog baie dinge wat Jesus gedoen het wat nie in die Johannes-evangelie opgeneem is nie.

Dit is egter veral Kloppenborg se oortuigende aanduiding van hoe die vroeë Christelike literatuur, soos byvoorbeeld die evangelies, die uitkristallisering van orale tradisie is (kyk Kloppenborg 1987:4) wat die ondeurdagtheid van Linnemann se gedagtegang ontbloot. Kloppenborg verwys in bogenoemde na Bultmann se stelling dat die literêre samestelling van die evangelies bloot maar die voltooiing is van wat in die mondelinge tradisie begin is, en dat die literêre komposisie wesenlik niks nuut byvoeg nie. Tuckett (1996:2-3) en Piper (1995:20) glo nie dat eenvoudig aangeneem kan word dat Q wel bestaan het nie. Tog glo ek daar is genoeg oortuigende argumente sodat ons met redelike rustigheid die bestaan van 'n spreukebron kan veronderstel. Ons kommer en skeptisisme oor Q, behoort soos by Gerd Theissen (1991:5) eerder te verskuif na

die proses van rekonstruksie en die stellings oor die tematiese indeling van die Q-materiaal.

Dit bring my by die volgende vraag: Waar kom Q vandaan? Waar lê die vroegste wortels van Q?

## 3. DIE OORSPRONG VAN Q?

Gerd Theissen (1991:25) neem twee uitsprake in Q 11:31-32, wat Lukas oorneem, as uitgangspunt in sy poging om Q te lokaliseer. Die uitsprake: "iemand groter as Salomo is hier!", en " … iemand groter as Jona is hier!", interpreteer Theissen soos volg: Die eerste is vir Theissen 'n sinspeling op die koningin uit die suide (wat groter as Salomo is) en laasgenoemde uitdrukking sinspeel vir Theissen op Nineve in die noorde (wat met Jona in verband gebring kan word). Jesus wat bogenoemde twee uitsprake uiter, word volgens Theissen geplaas tussen noord en suid. Die herhalende "hier" in beide uitsprake stel Theissen op logiese wyse as topologies "in die middel", dus Palestina. Theissen sien dus 'n Palestyns-gesentreerde perspektief in Q en glo Q het in Palestina ontstaan. 'n Verdere Q-uitspraak, naamlik in Q 6:22-23: "… net so is die profete voor julle vervolg …", wat in Matteus 5:12 en Lukas 6:22-25 oorgeneem is, versterk volgens Theissen (1991:122) die teorie van 'n Palestynse oorsprong van Q, omdat die oortuiging in daardie tyd bestaan het dat profete net in Palestina vermoor is.

Theissen glo twee groepe mense kon die oorspronklike draers van die Q-materiaal gewees het: óf die dissipels wat Jesus se woorde bewaar het omdat hulle lewens daarop gegrond was, óf die mense wat deur die verhale van Jesus se wonders aangegryp was en dit wou laat voortleef. Theissen (1991:122) stel dat die twee groepe mekaar nie uitsluit nie. Piper (1991:361 e v) deel Theissen se gedagte dat die vroeë Jesus-groepe met die samestelling van Q verbind moet word. Hierdie groepe het 'n "a-familiale etos" gehad; 'n lewenstyl en waardesisteem waarin 'n saak soos familiebande nie 'n baie vername oorweging was nie.

Piper glo uitsprake soos: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe …” in Q 9:59-60 en “ …wie sy eie vader en moeder bo my liefhet kan nie my dissipel wees nie …” in Q 14:26 net in terme van só ’n etos verstaanbaar kan wees. Verder is Piper (1991:380) in hierdie verband ook van mening dat die sinagoge nie so ’n vername plek in die godsdienstige lewe van die vroegste Christene ingeneem het nie. Die plek van die Joodse godsdienstige lewe en daarom ook van die vroeë Christene was hoofsaaklik dié van die huishouding. Piper sal dus die kontinuïteit tussen Q en die vroeë Christene nie in die teologie vind nie, maar in die ekklesiologie.

Mack (1993:1 e v) voer die gedagtes van Piper verder. Mack onderskei ’n “sosiale program” in die vroegste Jesus-beweging. Dié groepe mense, stel Mack, het nagedink oor die lewenswyse van Jesus. Vir hulle was Jesus meer ’n wysheidsleraar as wat Hy die Messias (Christus) was. Die vroeë Jesus-volgelinge het Jesus se dood nie as goddelik, tragies of as ’n reddende handeling beleef nie. Hulle het aan Jesus gedink as ’n wysheidsleraar aan wie se leringe hulle vasgehou het om in tye van vervolging te oorleef. Die vroegste Jesus-beweging ontstaan in ’n tyd toe militêre en politieke mag gereeld verskuif het. Volgens Mack was hierdie tyd ryp vir eksperimentering met vrye assosiasie oor etniese en kulturele grense heen. Mense is aangemoedig om aan hulleself te dink as behorende aan ’n groter menslike familie. Q 6:32-33 (“As julle net dié liefhet wat julle liefhet, watter aanspraak op dank het julle nog?”) is vir Mack ’n illustrasie hiervan.

Bogenoemde gedagtegang van Mack het verreikende implikasies vir die konvensionele siening van die oorsprong van die Christendom. Die populêre opvatting oor laasgenoemde is die uitbeelding daarvan in die kanonieke evangelies. Daarvolgens het Jesus verskyn as die messias van Israel om die Israelitiese godsdiens te hervorm. Hy het dit gedoen deur die leringe van die Skrifgeleerdes uit te daag, mense tot bekering te roep en sy dissipels die opdrag te gee om leiers in die komende koninkryk te wees. Mack stel dat laasgenoemde sake nie in Q gereflekteer word nie (kyk Mack 1993:4-7). In Q is geen spoor van ’n uitgesoekte groep dissipels, ’n program vir die hervorming van Judaïsme, ook

geen dramatiese ontmoeting met die gesagsdraers in Jerusalem en geen martelaarskap te vind nie. Mack glo dat met Q in sig, die totale landskap van die vroeë Christelike geskiedenis hersien moet word.

Mack plaas die oorsprong van Q in Galilea. Galilea was 'n land van gemengde kulture, 'n buffersone op die grense met die koninkryke noord van Palestina. Galilea was onbeduidend, die koningshuis was byvoorbeeld nie daar geleë nie en ook die tempel, die tradisionele godsdienstige sentrum, was nie daar nie. Wat wel in Galilea gebeur, is dat 'n Jesusbeweging volgens Mack (1993:53) daar ontstaan. En hierdie Jesusbeweging ontstaan nie uit 'n passie om Judaïsme te hervorm of uit 'n begeerte om teen vreemde magte te verset of as deel van 'n ekonomiese rewolusie nie. Q ontstaan volgens Mack in 'n era waarin talle godsdienstige en filosofiese ondernemings verskyn en waarin talryke klein sosiale eenhede (*koinonia*) ontstaan met 'n soeke na wat Mack "etiese kameraadskap" noem en waarin die bewaring van kultuur ook 'n rol speel. Vandaar, sê Mack, Q se kritiese uitsprake oor sosiale gebruike en konvensies. Q se uitdaging aan die lesers daarvan was om die wêreld nuut te bekyk (Mack 1993:53, 67, 105-106).

Horsley (1999:52-60) beskrywe die verskillende sosiale groeperings en magsverhoudings in Galilea met behulp van die ontstaan van Q. In Galilea, stel Horsley, in teenstelling met Judea en veral Jerusalem, leef die mense in kleinboerdery gemeenskappe. Onder omstandighede van groot ekonomiese nood en onder ongenaakbare Romeinse beheer, is die kleinboere tog selfregerend. Die Skrifgeleerdes in Jerusalem het die Tora vir die Galileërs geïnterpreteer. 'n Alternatiewe uitbouing van die Israelitiese tradisie ontstaan egter in Galilea teenoor die tradisie wat die Fariseërs in Jerusalem voortsit. Hierdie twee teenoorstaande tradisies sou as die "groot tradisie" van die Jerusalemse elite en die "klein tradisie" van die gewone Galilese mense bekend word (kyk Redfield 1956:31 e v in hierdie verband). Binne die konteks van hierdie klas- en sosiale verskille tussen Jerusalem en eerste-eeuse Galilea ontstaan die Q-beweging.

Kloppenborg (1987:263-276) bring ’n ander perspektief by in sy besinning oor die oorsprong van Q. Hy glo die oorsprong moet in samehang met Israelitiese, Christelike en gnostiese spreukeversamelings gesoek word. Kloppenborg sien die vroegste van hierdie versamelings reeds in die wysheidsgerigte boeke van die Ou Testament, soos veral Prediker. Wysheidstradisies is ’n internasionale medium. Q bevat spreuke wat algemeen in Hellenistiese kringe voorgekom het. Die wysheidspreuke in Q is ’n vorm van voorskrywende wysheid of “instruksie” wat ook in ander dele van die antieke Nabye Ooste, veral in Egipte, in omloop was. Die intensie van die wysheids-instruksie was hoofsaaklik om by die leser of hoorder ’n waardering te skep vir die lewe en die goddelike ordening daarvan en om ’n lewenswyse in ooreenstemming daarmee te bevorder. Jesus se uitsprake, soos deur die Q-beweging voortgedra, moet as versamelings van sodanige “instruksie” verstaan word. Jesus wou daarmee sy hoorders tot ’n ander verstaan van die werklikheid, van hulleself en van God bring. Hulle moes op ’n nuwe wyse met mekaar in verhouding staan en ook daarvolgens optree.

Dat Q ontstaan in kringe van rondreisende, a-familiale Jesus-volgelinge wat Jesus se uitsprake en spreuke versamel, bewaar en daarvolgens leef en van wie die huishouding en nie die sinagoge nie, die godsdienstige sentrum was (Theissen 1991:122 ev), word nie deur Kloppenborg gedeel nie. Arnal (2001:170) stem ook saam met Kloppenborg dat “… the persons responsible for Q were scribal figures, and, more particularly, were village scribes. They were middle- or lower-level administrators who dealt with local ‘administrative infrastructures which saw to the collection and disbursement of various revenues and to the administration of justice’”. Q ontstaan onder mense wat Jesus hoofsaaklik as ’n wysheidsleraar beskou, sy uitsprake as “instruksie” beleef en daarin ’n uitnodiging tot ’n nuwe bestaanswyse en werklikheidsverstaan raaksien. Q kan teruggevoer word na ’n Galilese konteks van armoede, kleinboerdery-gemeenskappe en swaar Romeinse belastingheffings – ’n tyd van ’n toenemende breuk tussen die Jerusalemse godsdienstige elite en die Galilese plattelanders.

## 4. ’N OORSIG OOR DIE GESKIEDENIS VAN Q-NAVORSING

### 4.1 Die tweebronne hipotese

Die teorie dat daar ‘n dokument soos Q bestaan is oorspronklik ontwerp om die probleem van die literêre verwantskap tussen die Sinoptiese Evangelies op te los (Kloppenborg 2000:1). Die wortels daarvan lê baie ver terug. Reeds J G Eichhorn (1794:759 e v) maak melding van ’n bron wat gemeenskaplik deur Matteus en Lukas gebruik is en Christian Hermann Weiss (in Jacobson 1992:19) formuleer reeds in 1838 die eerste keer die tweedokumente hipotese. Hierdie hipotese stel Markus as die eerste evangelie en dat Matteus en Lukas beide Markus, asook ’n “primitiewe” versameling van Jesus-spreuke gebruik het. Heinrich Holtzmann se meer volledige uitwerk van die tweedokumente hipotese in 1863 word ’n vroeë grondslag vir Sinoptiese navorsing. Alhoewel Holtzmann in sy werk Q hoog waardeer, word Q nog nie as verteenwoordigend van ’n onafhanklike tradisie beskou nie (Jacobson 1992:20-21).

### 4.2 ’n Eie integriteit

Die volgende stap in die Q-navorsing kom van Von Harnack. Sy navorsing bring hom tot die oortuiging dat Q nie ’n evangelie is nie, maar ook nie ’n blote vormlose samestelling van spreuke sonder enige verband nie. Heinz Tödt (1959:254) bou op hierdie gedagte voort en stel dat Q meer bevat as blote “instruksiemateriaal”. Q het ’n eie kerugma wat rondom die term “Seun van die Mens” sentreer (kyk Jacobson 1992:27-28; Tuckett 1996:51-52). Q word nou nie meer net as ’n bron beskou wat deel uitmaak van die tweebronnehipotese nie; sommige navorsers begin die gedagte oorweeg dat Q ’n dokument in eie reg is en dat die dokument integriteit, dit wil sê inhoudelike samehang, toon.

### 4.3 Tradisie en redaksie

Vervolgens is daar in die navorsingsgeskiedenis onderskeid getref tussen tradisie- en redaksiemateriaal in Q. Lührmann (1969) demonstreer hoe oorspronklik geïsoleerde uitsprake in Q volgens bepaalde “tendense” verwerk is

(kyk Jacobson 1992:37-39; Tuckett 1996:54). Sommige materiaal word deur Lührmann as "versameling" ("Sammlung") getipeer en ander as "redaksie" ("Redaktion"; Lührmann 1969:14-16, 19-20, 84-85). Eersgenoemde is materiaal wat geen redaksionele trekke of tendense toon nie, en laasgenoemde is materiaal wat wel duidelik trekke van redigering toon. Lührmann se werk stel ander navorsers in staat om die Q-materiaal tematies te groepeer, verskillende strata en ontwikkelingsfases daarin aan te dui en gevolglik vroeëre en latere materiaal in Q van mekaar te onderskei. Belangrike eksponente wat hierop voortbou, is Siegfried Schulz (1972), Athanasius Polag (1977), Arland Jacobson (1992), John Kloppenborg (1987) en Christopher Tuckett (1996).

### 4.4 Stratifikasie en fases

Siegfried Schulz (1972:38) gebruik die voorkoms van sake soos 'n ontwikkelde Christologie, die gebruik van die Septuaginta, gedagtes rondom gepersonifiseerde wysheid en die polemiese uitsprake teen Israel as "kriteria" om tussen vroeëre en latere materiaal in Q te onderskei (kyk Tuckett 1996:59). So onderskei Schulz (1972:482) 'n vroeë Q (wat volgens hom die prediking van die vroeë Q-gemeenskap verteenwoordig) van 'n $Q^2$ (wat die woorde van Jesus nou kerugmaties aanbied). Athanasius Polag (1977:15 ev) onderskei "Kernstücke" wat verskeie kleiner versamelings van spreuke is wat bymekaar gebring is deur 'n "Hauptsammlung" ("hoofversameling"). En dan is daar volgens Polag ook nog 'n "späte Redaktion" ("latere redaksie"). Laasgenoemde is 'n byvoeging van verskeie perikope.

Arland Jacobson (1992:45) sien drie fases in Q se ontwikkeling: 'n Eerste fase, die "komposisionele fase" wat Jesus en Johannes as boodskappers van wysheid aandui en polemies teen "hierdie geslag" gerig is; 'n "intermediêre fase" waar daar onder andere tussen Jesus en Johannes onderskei word en 'n "laat redaksie" waarin die versoekingsnarratief bygevoeg is. Kloppenborg (1987:89-101) weer sien slegs twee fases in die ontwikkeling van Q: 'n vroeëre wysheidsgerigte fase, wat bestaan uit versamelings van spreuke wat primêr aan die gemeenskap gerig is en 'n latere fase waarin die spreuke uit die vorige fase

oorgeneem is en gebruik is in diens van die polemiese gerigtheid in Q teen "hierdie geslag". Die versoekingsverhaal en Q-tekste wat streng wets-onderhouding voorstaan, behoort volgens Kloppenborg tot 'n finale redaksionele fase.

Die onderskeiding tussen 'n eerste, tweede en derde laag van Q as drie duidelike fases in Q se ontwikkeling word wyd deur navorsers aanvaar en gebruik (kyk Tuckett 1996:70). Die onderskeiding van fases of lae in Q en daarmee saam die wyd aanvaarde standpunt van Kloppenborg dat die oudste laag in Q 'n wysheidsgerigtheid het en dat oordeelsgerigte spreuke (met ander woorde spreuke met 'n fundamentele apokalipties-eskatologiese gerigtheid) in 'n latere ontwikkeling van Q tuishoort, is vir hierdie studie belangrik. Dit is een van die vernaamste redes waarom die apokaliptiese eskatologie wat die tradisionele etici in Jesus se boodskap wil sien, nie langer gehandhaaf kan word nie. In die eerste laag van Q, waaskynlik van die mees outentieke Jesus-spreuke, is die Jesus-tradisie hoofsaaklik wysheidsgerig. Eers in 'n latere verwerking van hierdie materiaal, in 'n fase as $Q^2$ bekend, is daar trekke van apokaliptiese eskatologie.

Dit is nodig om meer volledig te verwys na die wysheidsgerigte karakter van Q. Die rede daarvoor is om aan te toon dat, in die lig van die uiteindelike mikpunt van die studie, Jesus se uitsprake, soos in die volgende hoofstuk ge-argumenteer word, rondom die begrip "koninkryk van God" sentreer. Jesus visualiseer 'n nuwe bestaanswyse vir sy navolgers. Daarom maak Jesus van wysheidsgerigte spreuke gebruik wat die hoorders tot 'n ander verstaan van die lewe en die werklikheid wou bring.

### 4.5 Wysheid as genre

Die "formatiewe sentrum" van Q bestaan uit ses "wysheidstoesprake" wat die vormende konsep in Q is (Kloppenborg 1987:317; 1993:11). Dit beteken egter nie dat die eerste laag van Q aan die genre van "instruksie" gelykgestel kan word nie (Kloppenborg 2000:159). Dit is 'n geval van oorvleuelende ooreenkomste. "Wysheid" sou hier dui op die verklaring en interpretasie van die werklikheid op

grond van ervaring (kyk Tuckett 1996:334). In die geval van Jesus se wysheidspreuke sou dit beteken dat Jesus op grond van sy ervarings ’n bepaalde lewenswyse aan sy hoorders voorhou. Die gedagte dat Jesus op grond van sy wysheidspreuke deur sy hoorders as ’n verpersonifisering van wysheid verstaan is, het reeds by Bacon in 1916 (kyk Jacobson 1992:26) voorgekom, en word deur moderne Q-navorsers as ’n gegewene gestel (kyk Kloppenborg 1987:317; Mack 1989:147). Die werk van J Robinson (1971), dra baie daartoe by dat die eensydige apokalipties-eskatologiese verstaan van Q-materiaal begrawe is en dat die wysheidsgerigte interpretasie van die Q-materiaal ’n algemene tendens geword het.

Dat die genre van Q wysheidspreuke is, word nie deur Migaku Sato (1987:4-5) gedeel nie. Volgens Sato fokus Q op Jesus as ’n charismatiese figuur. Hierdie fokus en verskeie ander elemente is volgens Sato eerder tipies aan profetiese as wysheidsliteratuur literatuur. Sato (in Piper 1995a:139-158) ondersoek derhalwe die ontvouing van “wysheidsgerigte” en “profetiese” spreuke in Q en beweer die wysheidspreuke is “verprofetiseer”. Kloppenborg (2000:150) stel egter dat in laasgenoemde onderneming Sato uitsprake geïsoleerd hanteer en nie in ag neem hoe die literêre komposisie en raamwerke waarin die spreuke gegiet is, die betekenis van die spreuke beïnvloed nie.

Ek posisioneer myself, wat die genre van Q betref, by Kloppenborg wat in sy nuutste werk Q oortuigend tipeer as ’n “uitgebreide vorm van instruksie” (kyk Kloppenborg 2000:143). Op grond van die insigte van veral Kloppenborg dat Jesus se uitsprake as wysheidspreuke verstaan behoort te word, word dit moeilik om die uitgangspunte van die tradisionele etici met betrekking tot ’n apokaliptiese eskatologie in Jesus se boodskap te handhaaf. Jesus, deur sy hoorders as aankondiger of gesant van wysheid verstaan (Mack 1989:147), dui vir sy hoorders ’n bepaalde lewenstyl aan.

## Literatuurverwysings

Arnal, W E 2001. *Jesus and the village scribes: Galilean conflicts and the setting of Q.* Minneapolis: Fortress Press.

Eichorn, J G 1794. Über die drey ersten Evangelien: Eine Beiträge zu ihrer künftigen kritischen Behandlung. *Allegemeine Bibliothek der biblischen Literatur* Vol 5, 761-996.

Holtzmann, H J 1863. *Die synoptische Evangelien: Ihr Ursprung und Geschichtlicher Charakter.* Leipzig: Wilhelm Engelmann.

Horsley, R A & Draper, J A 1999. *Whoever hears you hears me: Prophets, performance, and tradition in Q.* Harrisburg, P A: Trinity Press International.

Jacobson, A D 1992. *The first gospel: An introduction to Q.* Sonoma, CA: Polebridge Press.

Kloppenborg, J S 1987. *The formation of Q: Trajectories in ancient wisdom collections.* Philadelphia: Fortress Press. (Studies in Antiquity and Christianity.)

Kloppenborg, J S 2000. *Excavating Q: The history and setting of the Sayings Gospel.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Linnemann, E 1995. Is there a gospel of Q? *Bible Review,* 19-23, 42-43.

Lührmann, D 1969. *Die Redaktion der Logienquelle*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (WMANT 33.)

Mack, B L 1993. *The lost gospel: The book of Q and Christian origins.* San Francisco: HarperSanFrancisco.

Patterson, S J 1993. Q – The lost gospel. *Biblical Review,* 34-41, 61-62.

Piper, R A (ed) 1995. *The gospel behind the gospels.* Leiden: E J Brill.

Polag, A 1977. *Die Christologie der Logienquelle*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (WMANT 45.)

Redfield, R 1956. *Peasant society and culture.* Chicago, Ill: University of Chicago Press.

Robinson, J M 1971. LOGOI SOPHON: On the Gattung of Q, in Robinson J M & Koester, H, (eds),*Trajectories through early Christianity,* 71-113. Philadelphia, PA: Fortress Press.

Sato, M 1987. *Q und Prophetie: Studien zur Gattung- und Traditionsgeschichte der Quelle Q.* Tübingen: J C B Mohr (Paul Siebeck). (WUNT 2/29.)

Schulz, S 1972. *Q: Spruchquelle der Evangelien.* Zürich: Theologischer Verlag.

Theissen, G 1991. *The gospels in context: Social and political history in the Synoptic tradition.* Minneapolis, MN: Fortress Press.

Tödt, H E 1959. *Der Menschensohn in der synoptischen Überlieferung.* Gütersloh: Gerd Mohn.

Tuckett, C M 1996. *Q and the history of early Christianity: Studies on Q.* Peabody, MS: Hendrickson.